**SKRIFLESING:** Jeremia 2:1-13
**TEMA:** Wees getrou getroud.

Jeremia kyk terug op die volk van God se verlede. Dit is ‘n pragtige liefdesverhaal. God onthou hoe sy volk Hom liefgehad het. Soos enige bruid, was die volk baie lief vir haar Man en getrou aan Hom. In die tyd waarby ons die afgelope 4 weke stilgestaan met die Exit reeks, van die uittog uit Egipte en in die woestyn, was die volk volkome van die Here en sy sorg afhanklik.

Maar nou is hul in Beloofde land. Hier raak die bruid onttrou.

God lê 'n klag teen die bruid en haar kinders. Hul aanbidding in die tempel het verflou. Die priesters het nie eens meer die Here geken of erken nie.

‘n Onverklaarbare uitruiling het gebeur. Dit gebeur soms dat iemand sy lewensmaat vir iemand anders verruil. Dit is hartseer, maar dit gebeur. Maar geen nasie het nog ooit sy gode vir ander verruil nie. Tog doen Israel dit.
Sy het die ware, magtige God, sy trou, liefde en sorg vergeet en Hom vir afgode verruil. Dit is onbegryplik, net so onverstaanbaar as iemand wat 'n vars fontein wat uitborrel en lewe gee vir "dooie" staande water prysgee. Om enige iets in die plek van God te stel en te aanbid is dwaasheid.

Ons verhouding met die Here het nie noodwendig opgehou soos die volk sin nie. Ons loop die groter gevaar dat ons verhouding vervlak. Ons het die Here nie meer lief met vuur en passie soos in begin nie.

**Die volk los God vir ander gode. Ons sal dit waarskynlik nie doen nie, maar ons loop die gevaar om Hom saam met ander gode te aanbid.**
Verlede Sondag het Hy baie duidelik met ons uit Eksodus 20:2-5 gepraat:
“Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.
Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My.”

Die Here stel dit baie duidelik dat ons nie twee gode mag dien nie. Hierop is die meeste van ons se eerste reaksie waarkynlik dat ons nie afgodsdienaars is nie.

Maar enige iets wat ons saam met die Here aanbid, is ook ‘n afgod. Dit kan ons werk, ontspanning, tyd, status, drank, dwelms of vriende wees. Dit kan ook die hoofletter “Eie Ek” wees. “Ek” is in beheer en dien die Here soos en wanneer my pas.

In die beloofde land begin die volk op hul materieële voorspoed vertrou.

Ook ons voorspoed kan tot geestelike vervlakking lei. Ons is mos nou reg en kan vir onsself sorg. Ons begin dink dat ons nie regtig die Here nodig het nie. Ons los Hom nie, maar ons het Hom nie meer so lief soos in die begin nie.

**Mense kan ook 'n afgod wees wanneer ons op hulle alleen vertrou.**
As 'n mens 'n tyd lank 'n slaaf was, sal jy alles in jou vermoë doen om nooit weer in dieselfde posisie te beland nie. Tog doen die volk juis dit. Hulle gaan soek hulp by ander mense en verval weer in in slawerny .
Israel, die Noordryk, het 'n slaaf van Assirië geword. Die land lê al 100 jaar in puin. Dit moes vir die mense van Juda 'n les gewees het. Maar hulle leer moeilik. Juda sluit bondgenootskappe met heidense volke. Hulle gaan soek hulp by Assirië, Egipte en Babel.
In die proses sou Juda weer verwoes word, weer in ballingskap beland en so weer slawe word.

God het, deur sy Seun Jesus Christus, ons uit sondeslawerny bevry. Ons word opgeroep om ons nie nie weer slawe van sonde of mense of van van enige iets anders te laat maak nie. Ons moet op die Here alleen te vertrou.
Saam met die Psalm skrywer moet ons bely: “Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.” (Ps 20:8)

**God se bruid, sy volk, se onttrou, het haar karakter verander.**
Juda verval in losbandigheid. Sy loop agter al wat 'n afgod en heidense bondgenootskap is, aan. Sy het gewoond geraak aan afgode en heidense minnaars. Haar klere is bevlek met die bloed van onskuldige armes en dit pla haar nie. Sy beweeg tussen die vermoordes deur sonder om reg te laat geskied. Sy was eers soos 'n uitgesoekte wingerdstok, opreg gekweek, maar nou het sy verander. Sy is 'n wilde nikswerd druiwestok.

Godsdienstige, morele, sedelike en politieke verval loop hand aan hand. Wanneer jy nie meer God alleen aanbid en dien nie, raak jou gewete so afgestomp dat jy later prontuit ontken dat jy sondig! Jy raak aan kwaad gewoond, baiekeer met die verskoning dat almal dit doen. En wanneer ons verhouding met God verflou, stort die hele gemeenskap in duie.

**Die volk het God gelos, maar wil Hom nog as noodwiel gebruik.**
Wanneer 'n ramp hulle tref, vra die volk weer na God.
Van ons ken God ook net vir 'n noodgeval, vir siekte of dood, in eksamen tyd of wanneer iets regtig skeefloop.
Hy laat egter nie toe dat sy volk Hom misbruik en saam met gode vereer nie.
God is nie 'n noodwiel nie. Vir Hom is dit 'n kwessie van alles of niks. Ek en jy is sy bruid of ons is nie. Waar staan jy in jou verhouding met die Here?

Die volk se onttrou en vriendskappe met ander volke en afgode bring straf. Maar die hart van God is steeds om sy bruid terug te roep. Hy gee nie met ons moed op nie. Hy is 'n liefdevolle, maar ook jaloerse Bruidegom, wat smag na die herstel van ons verhouding met Hom.

Sy wens is dat ons, as sy bruid, sal terugkeer na ons eerste liefde. Hy was ons skoon van ons sonde sodat ons weer getrou aan Hom alleen, getroud sal wees.
Amen

**TOEWYDING**

**Voorganger:** Here, U is ons God en ons Bruidegom.

**Gemeente:** U het ons liefgehad en ons verlos.

**Voorganger:** Ons bely dat ons geloof soms vervlak en ons dan ander dinge of mense bo U stel.

**Gemeente:** Vergewe ons, Here, en was ons weer skoon.

**Voorganger:** U roep ons om U met ons hele hart en lewe lief te hê.

**Gemeente:** Vandag kies ons opnuut om U in alles eerste te stel.

**Voorganger:** Ons wil nie vertrou op mense, rykdom of mag nie.

**Gemeente:** Ons vertrou op die Naam van die Here ons God.

**Almal saam:**

Here, ons wy onsself opnuut aan U toe.
Wees U ons eerste liefde, ons vreugde en ons toekoms.
Ons as bruid sal getrou getroud bly aan U, ons Bruidegom.
Amen.